

Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 8

> *Maar pas op dat hierdie vryheid van julle nie vir dié wat swak is, ’n aanleiding tot sonde word nie. (1 Kor 8:9)*

Destyds (1857) toe die sinode van die NG Kerk besluit het om afsonderlike dienste vir bruin lidmate in die kerk te begin,

het hulle geweet dat dit verkeerd is, maar hulle het desnieteenstaande die besluit geneem “as gevolg van sommige se swakheid.” Dié besluit het die kerklike landskap in die NG Kerk onherroeplik verander. Selfs vandag nog, lánk nadat die NG Kerk in 1986 besluit het die kerk is oop vir almal, ongeag hulle bevolkingsgroep, is daar steeds lidmate wat kerkrade as ’t ware gevange hou in ’n beleid van apartheid, omdat hulle dreig om te loop “as die swartes in die kerk inkom.”
Op sterkte van vers 9 sou ’n mens kon sê dis reg dat die swakkes in ag geneem moet word. Ongelukkig is dié argument keer op keer misbruik om kerklike debatte oor rassisme dood te smoor. Hierdie argument kan nie gebruik word om dinge wat heel duidelik verkeerd is, te regverdig nie.
Dis nie verkeerd om nie afgodsoffervleis te eet nie. Dis ’n persoonlike keuse en benadeel nie ander nie. Rassisme val nie in hierdie kategorie nie, en is onder alle omstandighede verkeerd.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026